

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 70**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Aan 'n helder trans*

*Vertrou op God: die hart en hand  
in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd  
wat mildelik gee en nooit verwyd.*

*Laat yd'le sorg jou nimmer kwel,  
wil aan die Heer jou sorg vertel:  
Hy sal jou reg soos middagglans  
laat skitter aan 'n helder trans.*

*Let op die vrome wat opreg  
met God verkeer in woord en weg;  
merk op die man wat God hier vrees:  
sy lewenseind sal vrede wees.*

*— Psalm 37:2, 3, 23.*

# DOOD... DOOD... DOOD...

## EN LEWE

As 'n mens sterf, word daar baie bande verbreek. Eerstens die band met die **dierbares**. Hulle wat hom geken het, wat hom tot op die laaste oomblik liefderyk bygestaan het, is magteloos by die dood. 'n Skeiding het ontstaan wat nie meer oorbrug kan word nie.

Dan is daar die band tussen die oorledene en sy **besittings** wat verbreek word. Alles wat hy versamel en opgebou het, of dit nou min of baie was, moet hy agterlaat. Sy geld en goed wat hom moontlik 'n belangrike posisie in die samelewing besorg het, het vir hom waardeloos geword.

By die dood word ook die band tussen **liggaam en siel** verbreek. Die liggaam word begrawe en die siel... ja, **wat word** van die siel? Op hierdie vraag het baie wysgere van die ou en moderne **tyd** 'n antwoord probeer gee. Hulle het met 'n groot verskeidenheid teorieë as antwoord na vore gekom, maar hierdie oplossings bevredig nie, juis omdat hierdie mense gewoonlik geen rekening met **God** kon of wou hou nie.

### Die enigste antwoord

Slegs die Bybel gee vir u die enigste regte antwoord op die vraag na wat met die siel gebeur by die dood. Daar is net twee moontlikhede: die siel is by God wat beteken dat dit lewe of dit is nie by God is nie. Dit beteken die dood.

Vóór die eerste mensepaar in die paradys gesondig het, was daar lewe en blydskap op aarde. Deur sy moedswillige sonde het die mens ellende en dood oor homself gebring. Elke mens deel in Adam se skuld. Daarom is elke mens op pad na die dood, die tydelike en ewige dood. Dit is duidelik: die dood beteken volledige en finale skeiding van God.

Ons kan God dank dat Hy in sy Woord nog meer vir ons sê. Hy leer ons dat daar 'n middel is waardeur die mens aan die dood kan ontkom en bly lewe. Hierdie middel is 'n Persoon, die enigste Middelaar tussen God en mense: Jesus Christus, die ewige Seun van God.

God straf die sonde, maar Hy straf sy eie liewe Seun. Christus, die sondelose, neem die sondelas vrywillig op. Aan die kruis ly Hy as 'n gevloekte, deur God verlaat. Dan sterf Hy... dan ondergaan Hy gewillig die straf op die sonde... die dood. Juis daardeur gee Hy die lewe, die ewige lewe, aan almal wat waarlik in Hom as Verlosser en Saligmaker glo. Daarom kon Hy in alle waarheid sê: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom".

### Geen verskrikking

Die dood verbreek bande. Die ware lewe herstel verbreekte bande: die gelowige se band met God en dié met sy medemens. Vir so 'n gelowige is sy liggaamlike dood geen verskrikking meer nie. Dit word vir hom 'n toegangspoort tot die ewige lewe by en met God.

Wil u graag vir ewig lewe? **Vlug dan in die gebed na Jesus Christus. Bely voor Hom al u sondes en glo dat Hy daarvoor betaal het met sy kosbare bloed.** Hy sal u aanneem in genade en deur Hom word God u hemelse Vader. Dit is lewe, die ware lewe. Dit begin reeds hier op aarde. Eenmaal sal dit volkome wees wanneer God al sy kinders bymekaar gebring het.

**P. G. Geertsema**

## ***Rekenskap***

*Eersdaags begin dit weer. Duisende leerlinge en studente sal moet rekenskap gee van wat hulle gedurende die studietyd gedoen het.*

*So ken ons dit. So kom dit in ons almal se lewens . . . ja, ook die tyd van die veel groter rekenskap! En dan nie aan die aardse eksaminator, maar aan die hemelse God. Kan u dit doen? Is u gereed? Dit kan vandag of môre wees!*

# Na die dood

"Lekkerelowiges"... so is hulle naam. Hulle glo nie in 'n lewe hierna nie. So het ons gehoor en waarlik... so het ons dit ook gesien!

Ons het Giel Viljoen goed geken. Hy was een van hulle — van die Lekkereloof. Tog was hy in die hele gemeenskap baie bemind. Toe is Giel skielik dood. Ons was by toe hy begrawe is. Eintlik is "begrawe" nie die regte woord nie. Dit het my laat dink aan die dood van 'n dier ... 'n dier met 'n besmetlike siekte! Op die plaas is hulle eenkant in 'n gat gegooi en toegemaak. Giel se kis was tuisgemaak. Die planke was rof en ongeskaaf. Die onafgewerkte uiterlike het getuig van haas. Die gat is 'n entjie weg van die plaashuis gegrawe.

Baie mense het gekom om by te wees as Giel Viljoen ter ruste gelê word. Die huis en die stoep was te klein. Miskien het hulle 'n plegtige begrafnis verwag. Daar was geen kerkdiens nie, geen lykswa en geen stoet nie. Vier van Giel se familie het sonder seremonie die kis uit die agterkamer na die gat gedra. Ek het sy oudste broer nog hoor mompel: "Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Dit was al.

Geen woord van troos, geen gesang en geen gebed. Daar was nie van Giel se familie wat ek sien huil het nie. Die volkies het die graf begin toegooi. Dit was die einde van Giel Viljoen. Daar was geen sprake van 'n "hierna" nie en geen gedagte aan 'n opstanding nie. Ek kon die woorde van die Prediker maar nie terugdwing nie: "... die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere ... soos die een sterwe so sterf die ander ..." (Prediker 3:19).

Die mense van die Lekkereloof — hulle het geen hoop vir 'n opstanding gehad nie. Daar was geen vrees vir die dag van herontwaking en vergelding nie.

Die Lekkerelowiges is 'n sekte, maar van hulle is daar vandag baie. Vanmôre nog het ek in die koerant gelees: 'n Motor is op 'n eensame plek gevind. Die insittende is dood aangetref. 'n Plastiekpyp is met die uitlaatpyp verbind. Geen misdad word vermoed nie.

'n Ander berig het gelui: Vrou val na haar dood uit woonstelgebou. Sy is omstreeks middernag vir die laaste keer lewend bo-op 'n balkon op die sesde vloer gesien. In die vroeë oggend het die nagwag haar lyk op die sypaadjie aangetref.

Na die dood... ? Na so 'n dood... ? Dit maak in elk geval seker nie saak nie. As die ellende van hierdie troostelose bestaan maar net beëindig kan word. Daar word verlang na die dood, want na die dood is daar tog niks... net die ewige leegheid om nie-meer-te-lewe-nie.

Dink u ook so? Ja, wie het sekerheid oor die "hiernamaals"? Wie kon nog ooit die sluier lig?

Al wat ons het is teorieë... tog, as u wil luister, die Bybel lig die sluier en God openbaar aan ons wonderlike dinge. Dit is die enigste sekerheid!

In die Bybel — daar hoor ek 'n digter jubel: "maar ná die dood dan rys die dag vir my ..." (Psalm 49:16).

In die Bybel — ek hoor daar 'n sterwende gryse prewel: "Op u heil wag ek Here..." (Gen. 49:18).

In die Bybel — daar sien ek 'n apostel wat in die gevangenis in kettings sê: "...ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste ..." (Fil. 1:23).

Dit is die verwagting van hulle wat in Jesus Christus glo. Hy het dan self gesê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." (Joh. 11:25). Na hierdie woorde het Hy 'n man met die naam van Lasarus uit die dood laat opstaan! Die geloof in Christus laat jou lewe vandag! Dit laat jou lewe ná die dood! Dit laat jou lewe tot in

ewigheid, maar helaas, sonder die geloof in Christus wat verlos van sonde en dood — ook daaroor swyg die Bybel nie — wag daar nie net die graf nie, maar die ewige toorn van God.

In die Bybel — daar lees ek: "... tot in ewigheid sal hulle die lig nie sien nie . . ." (Psalm 49:20).

In die Bybel — daar staan dit: "... En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophief, terwyl hy in smarte was. . ." (Luk. 16:23).

In die Bybel — daar lui dit: "... Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is sy (Christus se) stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling..." (Joh. 5:28, 29).

Dit is seker... ná die dood is daar ewig lig of ewig duisternis! Ewig met God in 'n heerlikheidslewe of ewig in die hel met afgryslike smarte. Waarheen is jy op pad? Dis reg, na die dood, maar... ná die dood?

**N. Dromer**

# EK SIEN DIT KOM...

## **Vyf minute voor twaalf:**

Ek wil met jou praat oor dié dinge wat vandag in ons wêreld gebeur en binnekort gaan gebeur.

Dat jy 'n man is wat met albei jou voete op hierdie aarde staan, aanvaar ek. Jy is 'n nugter mens wat meestal soek na die bewys agter die dinge wat gebeur. Ek is bly as dit jou gesindheid is, want dan sal ons mekaar goed verstaan. Weet jy waaroor verheug ek my die meeste? Omdat hierdie tyd van vandag een groot bewys is, die groot vervulling van dit wat ons lankal weet en glo. Dit waarvan die Bybel al baie eeue praat, ontrol vandag in die geweldige gebeurtenisse wat ons aanskou.

Jy stem saam dat dinge vandag nie meer is soos wat dit vroeër was nie. Ag, dit is nie eers meer wat dit tien jaar gelede was nie. Sake verander teen 'n geweldige tempo. Ek sien dit kom... die laaste dinge. Dit is reeds vyf minute voor twaalf. Het jy al opgemerk dat daar eintlik geen vrede meer hier op die aarde is nie?

Val die koerante jou huis ook binne met die boodskappe van aardbewings, oorlogsrumoer en honger mense? Het die radio ook al die boodskap van groter wordende wêreldrampe in jou sitkamer ingedra? Jy staan aan die vooraand van geweldige gebeurtenisse.

Daar is magte aan die gang wat besig is om op ons lewe in te werk. Roeringe is aan die gang op elke gebied — ook op godsdienstige gebied. Ek sien dit kom... die laaste dinge. Dit is reeds vyf minute voor twaalf.

Die radio roep. Die koerante proklameer. Die gebeurtenisse verkondig. Die ou wêreld is besig om verby te gaan. Die slopingsproses is byna voltooi. Jy staan op die drumpel van 'n nuwe wêreld. Jy staan by een van die grootste wendingspunte wat die geskiedenis ooit beleef het.

Jy staan voor ... die laaste dinge. Ek sien dit kom. Dit is vyf minute voor twaalf.

## **Ek sien hom kom:**

In die raamwerk van hierdie dinge wil ek ook iets anders aan jou vertel. Hierdie dinge wat vandag gebeur, is besig om 'n akker voor te berei. Dit skep die teelaarde vir 'n vreeslike mens... die Antichris.

Nou wil ek jou nie verveel met besonderhede nie. Ek wil net vra dat jy saam met my kyk. Jy sal in die dinge waarvan ons nou net gepraat het die steierwerk aanskou waarlangs hy gaan opklim om te proklameer: ek is god!

Hy sal die supermens van alle eeue wees. Niks sal vir hom onmoontlik wees nie. Die wêreld sal aan sy voete lê. Siekte en pyn en menslike ellende sal hy skynbaar oorwin. Vandag word die akker voorberei vir die groot wêreldfiguur. Geen wet sal vir hom en sy volgelinge meer geld nie. Die selfsug en liefdeloosheid sal by hom styg tot 'n hoogtepunt.

Ek sien hom kom in die verskiet... dit is vyf minute voor twaalf.

## **Vreesbevange?**

Vir een ding is ek nou bang. Dit is dat jy sal dink dat ek jou, 'n nugter mens, bang en paniekerig wil maak. Dit is nie my doel nie. Al wat ek wil doen is om te **bewys** dat dié dinge eeue gelede al voorspel is. Ek wil jou nooi om saam met my die kennis te deel oor hierdie laaste dinge. Lees die woorde van Hom wat die Antichris gaan verdelg.

Huiwer jy om jou Bybel oop te slaan? Ek sal jou sê: Die **bewys** van al hierdie dinge vind jy in

Matteus 24. Lees dit nou! Dit is vyf minute voor twaalf.

**Ek sien HOM kom:**

Hierdie gesprek met jou wil ek afsluit. Die ontknoping van al hierdie dinge sal plaasvind as HY kom, die Oorwinnaar oor die Antichris. Ons het die bewys dat HY hierdie vreeslike mens, wat God wil uitdaag, met die asem van sy mond sal vernietig.

Soos HY gegaan het, so sal HY kom — eensklaps op die wolke. Almal sal HOM sien — ook jy! Dan sal die groot regsgeding plaasvind. Dan sal die uitdagende roepstem van die Regter weerklink: “Ek ken jou nie, gaan weg” of: “Kom in, die ewige vreugde is ook vir jou!”

**Nou en hier:**

Dit moet jy ook weet: daardie komende Regter op sy troon is nou nog die Verlosser — ook jou Verlosser. Sy lydengestalte van twee duisend jaar gelede slaan nou nog soos 'n witlig deur dié dinge wat vandag en nog gaan gebeur.

Sy ope arms nooi nou nog — ook vir jou — juis vir jou.

As hierdie vreeslike dinge kom en as hierdie mens uit die aarde gaan toeslaan — en dalk jou lewe eis? Wat dan?

Net een van twee.

Jy is oombliklik, as jy jou oë sluit, by HOM — die Verlosser-Regter, of jy is oombliklik in die ewige smarte.

Ek sien dit kom... die laaste dinge. Dit is vyf minute voor twaalf!

Wat sal die uitspraak van die Regter oor jou lewe wees?

Gaan in in die ewige vreugde... of ?

**C. J. H. Venter.**

## ***WEDERKOMS***

*Heer, duur dit lank nog voor U weer sal kom?*

*Leer ons soos kindertjies u koms verwag,*

*wat op hul vingertjies die langverwagte dag aftel, wanneer Vader kom.*

*Leer ons soos kindertjies u koms verwag,*

*wat, hoe ook in hul spel gevange*

*beluister met 'n diep en sterk verlange*

*die eerste stap van Vader as hy kom.*

Vry verwerk na die Nederlands van Berendien Meijer-Schuiling.



# Oor die **LAASTE OORDEEL**

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 37, spreek onvergelyklik mooi oor die laaste oordeel. Dit lui soos volg:

Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsele onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlikheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het, gedagvaar deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God. Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siele saamgevoeg en verenig met hulle eie liggaam waarin hulle geleef het. En met betrekking tot diegene wat dan nog sal lewe, hulle sal nie sterwe soos die ander nie, maar hulle sal in 'n oomblik verander en uit verganklikheid onverganklik word.

## **Die boeke word geopen...**

Dan sal die boeke, dit wil sê, die gewetens, geopen en die dode geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, goed of kwaad. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ydele woord wat hulle gepraat het — iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdryf beskou nie; en dan sal die verborgenhede en geveinsdhede van die mense in die openbaar voor almal ontdek word. Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg ontsettend en skrikwekkend vir die oortreders en goddelose, en baie begeerlik en troosvol vir die vromes en uitverkorenes; aangesien hulle volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hulle sware arbeid en moeite. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal oefen teen die goddelose wat hulle getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld; terwyl die goddelose oorweldig sal word deur die getuienis van hulle eie gewete. Hulle sal onsterflik word, maar so dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is.

## **Heerlikheid en eer...**

Daarteenoor sal die gelowiges en uitverkorenes met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam bely voor God sy Vader en sy uitverkore engele; alle tranes sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God. As 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlikheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kon bedink nie. Daarom verwag ons die grote dag met 'n groot verlange om ten volle die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here, te geniet.

# MY GENADE IS VIR JOU GENOEG

(1 Kor. 12:9)

Ons kan altyd baie leer uit die kennis en lewenservaring van ander mense met wie ons in kontak kom of van wie ons hoor of lees. Helderde van dapper mense kan ons prikkel om moedig en kragdadig op te tree wanneer dit van ons verwag word. Die geskiedenis van vrome en opregte mense kan ons stimuleer om self daarna te strewe om die reguit pad te bewandel. Die goeie voorbeeld en gedrag van 'n regsinnige en opregte vader of moeder kan in ons herinnering lewe en tot ons spreek lank nadat hulle nie meer met ons is nie.

## **Die apostel Paulus...**

So word mense wat die Bybel lees en dit aanvaar as God se Woord ook deur die stryd en worsteling van die apostel Paulus bemoedig en vertroos. Hierdie vurige heiden-apostel wat as instrument en uitverkore werktuig van God die ewangelië oor berge en oseane onder die moeilikste omstandighede gedra het, is dikwels swaar geteister. 'n Mens kan in die twee briewe aan die Korinthiërs lees wat hy alles moes verduur. Daar het die gevaar bestaan dat Paulus hom sou kon verhef oor die arbeid wat hy verrig en die geleentheid wat hom gegun was om die ewangelië so te versprei en daarom is vir hom 'n doring in die vlees gegee (II Kor. 12 vers 7). Hy noem dit ook 'n engel van satan wat hom met die vuur geslaan het, sodat hy hom nie verhef nie. Aanhoudend het hierdie satans-engel, hierdie doring in sy vlees, vir Paulus gestrem in sy arbeid en verkondiging. Ons weet nie wat die doring was nie, maar ons weet dat satan se trawante gestuur word om God se ryk te benadeel en ewangelië-dienaars se arbeid te belemmer.

## **Sy gebed...**

Die martelende beproewing het Paulus ernstig laat roep tot die Here en hy wou bitter graag van die pynigende doring ontslae raak. Dit moes vir hom 'n wonderlike vertroosting gewees het dat die Here Christus na sy gebed wat hy tot driemaal herhaal het, tot hom gespreek het. Uit die heilige mond van Jesus-self ontvang hy antwoord.

## **Die antwoord...**

Paulus ontvang nie 'n antwoord wat hy verwag het nie. Die Here sê nie vir hom: "Paulus, Ek sal die doring verwyder" nie, of "Ek sal die satans-engel beveel om jou nie meer te slaan nie". Die woorde wat tot Paulus kom, is woorde wat vir gelowige mense van alle tye bemoedigende woorde in hulle persoonlike, liggaamlike en geestelike beproewinge en stryd is. Die gekruisigde en verhoogde Middelaar sê vir Paulus: MY GENADE IS VIR JOU GENOEG. Die apostel, soos ook ons vandag, moet weet dat genade van God afkomstig is.

Wie van ons ken nie persoonlike krankhede, frustrasies, lyde, teleurstelling, beproewinge nie en baie van ons het seker al bitter kelke moes ledig in die jare wat verby is, maar wie van ons kan vandag eerlik met vrymoedigheid verklaar dat God se genade vir ons te **min** was? Wie van ons kan lewe en arbeid sonder die genade-bystand van God, al dink ons miskien dat dit moontlik is? God se genade-lig skyn op ons lewensweg en sonder sy onmisbare genade

sal die lewenspad vir ons spoedig totaal onmoontlik wees om op te gaan.

### **Berusting...**

As ons roep tot God om die doring in ons vlees weg te neem en dit nie gebeur nie, dan moet ons weet dat daardie beproewing ons klein en afhanklik moet hou, sodat ons onself nie teenoor God verhef en op ons mede-pelgrims gaan neersien nie. Ondanks daardie prikkelende doring en vuishoue van satans-engel kan ons nog liggende ligte en soutende sout in God se Koninkryk wees. Wanneer moedeloosheid en vertwyfeling oor ons spoel, dan hoor ons die woorde van Christus ook tot ons persoonlik: "My genade is vir jou genoeg." Dan voeg Hy nog daarby: "My krag word in swakheid volbring." Ons moet berus in dit wat God vir ons lewe beskik en verorden het.

**E. J. G. Norval**